



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N4

9 April 2025

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

VRAAG 1: KLAGTEBRIEF

X Enige adres
X Enige voorstad
X JOHANNESBURG (IN
HOOFLETTERS)
X Enige poskode

X DATUM: ENIGE DATUM IN MEI 2025 (LINKS OF REGS)

X Mr V Maluleke
X Kampusbestuurder
X Naam van kampus
X Enige straatadres
X JOHANNESBURG (IN HOOFLETTERS)
X Enige poskode

X Geagte Mnr Maluleke

X KLAGTE OOR DIE GEBREK AAN GERIEWE VIR GESTREMDES (Aanvaar enige gepaste antwoord) ✓

INLEIDING: - My seun is 'n student by u kampus ✓
- sedert (datum\) ✓
- Hy is rolstoelgebonde en vind die gebrek aan ✓
- gestremdevriendelike geriewe problematies ✓

HOOFDEEL - As gevolg van 'n gebrek aan opritte kan hy slegs sekere geboue betree tensy vriende hom optel en indra ✓
- Die aantal toilette beskikbaar vir gestremdes is so min ✓
- dat hy beperk is in watter areas van die kampus hy gemaklik kan gebruik ✓
- Indien hy die boonste verdiepings van sommige geboue wil bereik, ✓
- moet vriende hom en sy rolstoel met die trappe opdra ✓
- wat gevaarlik is ✓

SLOT: - My versoek is dat alle geboue van opritte voorsien moet word ✓
- en toilette wat geskik is vir gestremdes ✓
- Verder moet alle geboue met meer as een verdieping hysbakke hê ✓
- Dan kan alle studente, insluitend dié met gestremdhede, tuis voel op die kampus. ✓
- Welwillendheid ✓

LET WEL: AANBEVELINGS/VOORSTELLE HOEF NIE NOODWENDIG IN DIE SLOT TE WEES NIE.

X Die uwe

X *Handtekening*

X C ANDREWS (MNR)

PUNTETOEKENING

INHOUD: 15	TAAL: 2	FORMAAT: 3	TOTAAL:20
Ken 1 punt toe soos met 'n regmerk (✓) aangedui.	-1/2 per fout	Aangedui met 'n X -1 punt per fout of weglating	

[20]

VRAAG 2: BASIESE KOMMUNIKASIEBEGINSELS

- 2.1
- | | | |
|-------|--------|--|
| 2.1.1 | Waar | |
| 2.1.2 | Onwaar | |
| 2.1.3 | Waar | |
| 2.1.4 | Waar | |
- (4 × 1) (4)
- 2.2
- Uitrusting pas behoorlik
 - Skoon, vlekkelose klere
 - Klere is netjies gestryk/nie gekreukel nie
 - Gepoleerde skoene
 - Geen ooptoon-skoene
 - Uitrusting is nie te onthullende/beperkend nie
 - Die lengte van die uitrusting is gepas (nie te kort/lank nie)
 - Uitrusting pas bymekaar
 - Uitrusting is professioneel (geen besige patrone/helderkleurig/oorwegend informeel nie)
 - Grimering is nie oordoen nie
 - Beperkte hoeveelheid bykomstighede
 - Hare is versorg, netjies en professioneel
 - Subtiele, neutrale geure of geen parfuum om oorweldigende reuke te vermy
 - Goed versorgde naels (skoon en netjies geknip)
 - Vermy oormatige logo's of handelsmerke op klere
 - Gemaklike uitrusting wat toelaat dat jy kan sit, staan en beweeg sonder om dit voortdurend reg te trek
- (Enige 3 × 2) (6)
- [10]

VRAAG 3: KOMMUNIKASIEHINDERNISSE

- | | | |
|-----|---|--|
| 3.1 | E | |
| 3.2 | D | |
| 3.3 | A | |
- (3 × 2) [6]

VRAAG 4: KENNISGEWING EN AGENDA

X NAME VAN TVET-KOLLEGE (DIESELFDE AS V1)

X Tel: Enige
X Faks: Enige

X Enige adres(dieselfde as
kollege adres in V1)
X JOHANNESBURG (IN
HOOFLETTERS)
X Enige poskode

X DATUM: 8 – 9 Mei 2025 (7 dae voor die vergadering)

X Geagte bestuurders

X KENNISGEWING VAN SPESIALE VERGADERING (IN HOOFLETTERS) ✓

Neem asseblief kennis dat 'n spesiale vergadering op Woensdag, 14 Mei 2025✓
in die raadsaal✓ om 10:00. ✓

Die vergadering is belê om die verbetering van die situasie vir gestremdes op
die kampus te bespreek. ✓

X Die uwe

X *Handtekening*

X V MALULEKE(MNR) –IN HOOFLETTERS

X KAMPUS BESTUURDER–IN HOOFLETTERS

X AGENDA

X 1. Opening en verwelkoming / bywoningsregister ✓

X 2. Bywoningsregister / verskonings ✓

X 3. Verskonings / opening en verwelkoming ✓

X 4. Situasie rakende gestremdes op die kampus (Probleme) ✓

X 5. Voorstelle vir verbetering ✓

X 6. Voorstelle rakende befondsing vir strukturele veranderinge ✓

X 7. Moontlike fondsinsamelingsgeleenthede ✓

X 8. Afsluiting ✓

PUNTETOEKENNING

INHOUD: 13	TAAL: 3	FORMAAT: 4	TOTAAL:20
Ken 1 punt toe soos met 'n regmerk (✓) aangedui.	-1/2 per fout	Aangedui met 'n X -1 punt per fout of weglating	

[20]

VRAAG 5: NOTULE VAN VERGADERING

X NAAM VAN TVET-KOLLEGE (SOOS HIERBO)

X NOTULE VAN DIE SPESIALE VERGADERING GEHOU IN DIE RAADSAAL OP
WOENSDAG, 14 MEI 2025 OM 10:00

- X 1. BYWONINGSREGISTER
Alle personeellede was teenwoordig✓
- X 2. VERSKONINGS
Geen✓
- X 3. OPENING EN VERWELKOMING
Die voorsitter, mnr Maluleke, het al die bestuurders gegroet en hulle by die vergadering verwelkom.
- X 4. SITUASIE RAKENDE GESTREMDES OP DIE KAMPUS (PROBLEME)
Daar is gemeld dat gestremde persone sukkel om toegang tot sekere geboue en boonste verdiepings van sommige geboue te verkry.✓
Daar is te min toilette vir gestremdes.✓
- X 5. VOORSTELLE VIR VERBETERING
- X 5.1 OPRITTE
Opritte moet by alle geboue geïnstalleer word.✓
- X 5.2 HYSBAKKE
Hysbakke moet in alle geboue met meer as een verdieping geïnstalleer word.✓
- X 5.3 TOILETTE VIR GESTREMDES
Toilette vir mans en dames wat geskik is vir gestremdes moet in alle geboue voorsien word.✓
- X 6. VOORSTELLE RAKENDE BETALING VIR STRUKTURELE VERANDERINGE
Daar is voorgestel dat die DHET vir 'n subsidie genader word ✓ en dat fondsinsamelingsgeleenthede gehou moet word.✓
- X 7. MOONTLIKE FONDSINSAAMELINGSGELEENTHEDE
(2 sinvolle, toepaslike voorstelle)✓
- X 8. AFSLUITING
Die vergadering is om 12:00 verdaag. ✓
- X GOEDGEKEUR : _____
- X VOORSITTER : _____
- X SEKRETARIS : _____

PUNTETOEKENING

INHOUD: 13	TAAL: 2	FORMAAT: 5	TOTAAL: 20
Ken 1 punt toe soos met 'n regmerk (✓) aangedui.	-1/2 per fout	Aangedui met 'n X -1 punt per fout of weglating	

[20]

VRAAG 6: INTERNE MEMO

X NAAM VAN TVET-KOLLEGE (DIESELFDE AS V 1)
X INTERNE MEMORANDUM

X AAN: Alle personeel
X VAN: Die Kampus Bestuurder
X DATUM: 14 Mei 2025
X TEL: enige uitbreiding, bv:x101

X ONDERWERP: BEPLANDE KAMPUSVERBETERINGS
(Aanvaar enige redelike onderwerp)

- INLEIDING:
- As gevolg van die behoeftes van gestremde studente en personeel ✓
 - moet ons strukturele veranderinge aan die kampus aanbring ✓
- HOOFDEEL:
- Opritte moet gebou word om toegang tot alle kampusgeboue te verkry ✓
 - Geboue met meer as een verdieping moet hysbakke laat installeer ✓
 - Elke gebou moet ten minste twee toilette hê (een vir mans, een vir dames ✓) wat geskik is vir gestremdes ✓
 - Om hierdie strukturele veranderinge aan te bring ✓ moet ons fondsinsamelingsgeleenthede hou ✓
 - Bestuur sal enige voorstelle vir fondsinsameling waardeer ✓
- SLOT:
- Baie dankie by voorbaat (enige welwillendheid) ✓

X *Handtekening*

PUNTETOEKENING

INHOUD: 13	TAAL: 2	FORMAAT: 5	TOTAAL: 20
Ken 1 punt toe soos met 'n regmerk (✓) aangedui.	-1/2 per fout	Aangedui met 'n X -1 punt per fout of weglating	

[15]

QUESTION 7: ELEMENTE VAN KOMMUNIKASIE

7.1	• Luister aktief en toon belangstelling • Let op liggaamstaal • Orden jou gedagtes • Gebruik terugvoer om te verseker dat jy korrek verstaan het • Ignoreer afleidings • Onderskei tussen hoofgedagtes en ondersteunende besonderhede • Vergewis jou vooraf van die onderwerp • Probeer soveel moontlik kommunikasiehindernisse uitskakel • Vra verduidelikende vrae om wedersydse begrip te verseker • Wees geduldig en laat pouses toe sodat die spreker sy of haar gedagtes volledig kan uitdruk • Parafraseer wat jy gehoor het om begrip te bevestig • Handhaaf 'n oop gemoed en vermy aannames of oordeel • Pas jou kommunikasiestyl aan volgens die persoon met wie jy praat • Bestuur jou emosies om impulsiewe reaksies tydens die gesprek te vermy • Wees bewus van kulturele verskille wat kommunikasienorme kan beïnvloed	(Enige 3 × 1)	(3)
7.2	• Verbeter interpersoonlike verhoudings • Voorkom misverstande • Verbeter doeltreffendheid • Verskaf 'n manier om kennis te verkry • Verbeter probleemoplossing deur 'n dieper begrip van kwessies en perspektiewe moontlik te maak • Skep vertroue en respek deur opregte belangstelling in ander se standpunte te toon	(Enige 2 × 1)	(2)
7.3	• Sender – inisieer en formuleer die boodskap/kommunikasie • Boodskap – die inligting wat oorgedra word • Ontvanger – die persoon aan wie die boodskap gerig is • Terugvoer – die reaksie van die ontvanger op die boodskap • Geraas – enige steuring/hindernis wat kommunikasieprobleme veroorsaak	(Enige 2 × 2)	(4)
			[9]
TOTAAL:			100